

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 184

(Maart 1984)

'n Mens met 'n opdrag

* * * * *

"Julle is die sout *vir* die aarde" (Matth. 5:13)

"Julle is die lig *vir* die wêreld" (Matth. 5:14)

"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die Hemel is, verheerlik" (Matth. 5:16)

"Julle is die sout vir die aarde"

(Matt. 5:13)

As Jesus sê: "Julle is die sout vir die aarde," dan geld dit nie vir enige mens nie. Dit is ook nie 'n uitspraak wat in die lug hang nie. Dit geld alleen vir 'n besondere groep mense. Hierdie woorde staan in nou verband met wat Jesus sopas gesê het in die vorige. Jy kan wel een wees van hierdie mense.

Wie is hierdie mense?

Hulle is besonder geseënde mense.

Geseënd omdat hulle weet hoe afhanklik hulle van God is. In hulleself is hulle niks besonders. Hulle is immers soos alle ander mense swak, tot niks in staat en vol sonde. Hulle weet egter om na God te vlug. By God is daar in Jesus Christus nou 'n rykdom van seëninge (Lees Matt. 5:3-12).

Elkeen wat in Jesus Christus glo as sy enigste volkome Verlosser en Saligmaker het die ewige lewe. Jesus sê: "Aan hulle behoort die koningryk van die hemel" en "hulle sal God sien."

As gelowiges in die Here is hulle nou besondere mense. God die Heilige Gees woon en werk in hulle. Hulle het ook nou 'n besondere invloed in die wêreld waarin hulle leef.

As gelowige kan en moet ook jy hierdie besondere invloed in die wêreld uitoefen.

Watter soort invloed?

Dieselfde invloed wat goeie sout het. Sout help om bederf in voedsel teen te werk. Gelowiges moet die bederf wat deur die sonde aangeblaas word in hierdie wêreld teenwerk.

Sout gee ook smaak aan voedsel. Gelowiges moet met hulle christelike lewenswandel aan hierdie wêreld 'n aangename smaak gee.

In 'n al hoe meer sondige wêreld met al hoe minder christelike standaarde is elke gelowige geroep om 'n antiseptiese invloed uit te oefen.

Die kragtige werking van sout is eers merkbaar wanneer dit *in* voedsel geplaas word. Sout langs 'n stuk vleis beteken ook niks. Gelowiges op leunstoel of soos toeskouers langs die veld beteken ook niks. Hulle roeping en taak is in hierdie wêreld ook binne die gemeenskap waarin jy leef.

Die ergste ramp wat sout kan tref is wanneer dit verslaan het, dan is dit niks meer werd nie. Dit word dan weggegooi en mense vertrap dit.

Hierdie waarskuwing rig Jesus sodat ook jy moet weet dat as jy die genade-seëninge wat jy van God deur Jesus Christus ontvang deur jou gedrag verwaarloos, dan verloor jy jou belangrike invloed in die wêreld.

Dan is jy niks meer werd nie as om uitgegooi te word in die buitenste duisternis. Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van die tande (Matt. 22:13).

Ds. Sarel Cilliers.

"Julle is die lig vir die wêreld"

(Matt. 5:14)

Elke gelowige 'n lig

As 'n mens 'n christen is, dan word daar 'n heerlike toesegging aan jou gemaak. *Jy* is 'n lig! Dit sê die Here Jesus net van 'n gelowige. Julle, en niemand anders nie, is vir die wêreld 'n lig. Die wêreld is in 'n sonde-donkerheid gehul, en in daardie donkerheid moet julle liggende ligte wees.

Elke gelowige kind van die Here moet so 'n lig wees. As hy nie so 'n lig is nie, dan is hy nie 'n kind van die Here nie.

Kragbron

As gevolg van ons sonde is ons in onself duister. Maar as ons deur die band van die geloof aan Jesus Christus veranker is, dan word die duisternis in ons lig.

Efesiërs 5:8 en 9: "Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan soos mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is."

1 Johannes 1:5 leer ons: "God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie."

Wanneer ons nou deur 'n ware geloof een is met Hom, die eintlike lig, die eintlike *kragbron*, alleen dan kan ons ook liggende ligte wees.

Wandel in die lig

As jy sonder God lewe, dan lewe jy in totale duisternis. Die duisternis van die sonde oorweldig jou sodat jy beangs word en uitsigloos en koersloos rondswerf. Sonder God is jy gedoem om in die duister dieptes van die Hel af te stort.

Maar in Christus, wanneer jy in 'n persoonlike geloofsgemeenskap met Hom lewe, klaar alle duisternis in jou op.

In Johannes 12:8 sê Jesus: "Ek is die *lig* vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

Omdat Christus *lig* is, *kan* ons ook . . . *lig* wees.

'n Lig skyn

Elke gelowige het die roeping om as 'n lig te skyn — te skyn in die duisternis. Hy moet die duisternis verdryf. Die gelowige kan dus nie sonder effek en ongemerk deur die lewe gaan nie.

Lig is die presiese teenoorgestelde van duisternis. Daarom sal 'n christen se lewenspatroon presies teenoorgesteld wees van 'n mens van die duisternis.

Die kind van die lig se taalgebruik, sy omgang met mense, die manier waarop hy sy kinders opvoed, die patroon van sy huwelik, die wyse waarop hy met sy geld en goed werk . . . dit alles sal anders wees as die wêreldling wat God glad nie ken nie.

Die kind van die lig se lewe sal wees soos wat die Woord van God dit vir hom uitspel.

'n Klein liggie verlig 'n groot vertrek. Deur God se genade en deur die kragtige werking van die Heilige Gees in jou, sal jy 'n beduidende lig uitstraal, sal jy 'n wesenlike invloed in die donker wêreld om jou hê.

Deur die lig wat jy uitstraal sal jy jou naaste vir Christus wen.

Dade van lig

Johannes 3:19-21: "So kom die skeiding: "Die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg."

"Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie *sodat* hulle dade nie aan die kaak gestel moet word nie." "Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is."

Ds. A. H. Grové.

Goed doen... soos God?

Die wonder en genade van God se wet is dit:

. . . Dis nie 'n swaar pak waarmee God jou belas nie

. . . dis nie moeilik om na te volg nie

Inteendeel — in die nakoming van God se wet vertoon die mens sy kindskap van God.

Kyk vir 'n oomblik na Matt. 5 : 45: "God laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."

Weet jy . . . dit is die uitstaande kenmerk van die Vaderskap van God:

Dat *HY* sy liefde teenoor alle mense uitstort. Mattheüs praat hier van son en reën:

— dit is die grootste weldade van God aan die wêreld . . .

— die basiese elemente vir lewe . . . *son* en *reën*.

Só doen ons Vader in die hemel.

En nou eis Christus: Doen óók so — sodat julle kinders van God kan word . . .

— dit is die kenmerk van God se Vaderskap

— dit moet ook die kenmerk wees van ons kindskap.

Hoe? sou ons vra — hoe kan ons?

Matt. 5 : 44 sê dit:

— Seën die wat jou vervloek

— doen goed aan die wat jou haat

— bid vir die wat julle beledig en vervolg.

Sien jy?

Ons vyande . . .

➤ hulle vervloek . . .

➤ hulle beledig . . .

➤ hulle vervolg . . .

Dit is aktiewe vorme van *haat*.

Dan waarsku Christus: Moenie sulke mense in eie munt terugbetaal nie *nee* — reageer daarteenoor in aktiewe *liefde*, naamlik

➤ seën hulle . . .

➤ doen goed aan hulle . . .

➤ bid vir hulle . . .

Dit is die kenmerk van kindskap!

Nie haat nie . . . maar liefde.

Nie dood nie . . . maar lewe.

Nie duisternis nie . . . maar sonlig.

Nie vloek nie . . . maar seën.

Nie beledig nie . . . maar goed doen.

Nie vervolg nie . . . maar voorbidding.

Die geheim, geliefde leser, om dit te *kan* doen is *liefde!* En hoe kan ek liefhê? . . . alleen as ek wedergebore is deur God se Heilige Gees.

En hoe weet ek ek is wedergebore?

As ek glo dat Jesus die Christus is.

Lees gerus 1 Johannes 5:1: "Elkeen wat *glo* dat Jesus die Christus is, is uit God *gebore*; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is."

En dis die Goddelike geheim: As ek *glo* dat Jesus die Christus is — dan is ek wedergebore

— en as ek wedergebore is . . . dan het ek God bo alles lief

— en as ek God bo alles liefhet . . . dan is Sy geboorte nie swaar nie. (1 Joh. 5:3).

Met ander woorde: Dan kan ek my kindskap uitleef . . . en dit is *liefde*.

Ds. Nico Ligthelm.

Doen aan ander...

'n Bekende spreekwoord lui: "Moenie aan andere doen wat jy nie aan jousef gedoen wil hê nie."

Dit is opmerklik dat die spreekwoord negatief gestel word: "*Moenie* . . ." En die lewenshouding en lewenspraktyk van baie mense word deur die negatiewe instelling op sake gekenmerk:

Jy moenie dit nie . . .
Jy mag nie dat nie . . .

Dit is dikwels ook die beskuldiging wat voor die deur van die christendom gelê word: Dat die godsdiens bestaan uit reekse van dinge wat verbied word . . . verbod op verbod, dat die lewe van die gelowige gekenmerk word deur dit wat hy nie doen nie. So dra ons verhouding teenoor ons medemens ook dikwels hierdie stempel. Ons mag ons naaste nie kwaad doen nie; ons moet hom nie benadeel nie; raak nie . . . smaak nie . . . roer nie aan nie. "Moenie aan andere doen wat jy nie aan jousef gedoen wil hê nie ..." Daarteenoor is die Bybelse opdrag positief. Dit sê wat ons moet doen. In Matt. 7:12 sê Christus: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, netso moet julle aan hulle ook doen." In ander woorde: Doen aan andere wat jy aan jousef gedoen wil hê.

Die negatiewe houding sê: *Moenie* jou naaste kwaad aandoen nie!

Die positiewe opdrag is: Jy *moet* aan jou naaste goed doen!

En só word die saak in die breë perspektief gestel. Daar gaan wye horisonne vir ons oop in ons daaglikse lewe,

- eindelose moontlikhede.
- onbepaalde geleenthede om daagliks met my medemens besig te wees, om te doen en te dien.

Die afsydige houding van: "moenie . . ." word 'n daadkragtige lewenswyse van: "ek moet..."

- 'n lewenshouding van inspanning, van lewende aktiwiteit, van selfverloëning en selfopoffering, van diensbetoon soos Christus dit gedoen het.

Die niksseggende passiewe godsdiens word dan 'n veelseggende aktiewe diens aan God en die naaste soos wat die Here dit wil. Die hooghartige eieregtigheid verander in nederige afhanklikheid aan God wat ons in staat stel om aan andere te doen wat jy ook aan jousef gedoen wil hê.

Stel jousef maar net in die plek van jou naaste:

Maak die beskuldiging wat jy teenoor hom uitspreek, op jousef van toepassing; laat die oordeel waarmee jy hom oordeel, op jou eie hoof neerkom.

Dan sal jy spoedig leer om saam met Christus te bid: "Vader, vergewe hulle . . ."

Dan sal jy leer om jou naaste in jou plek te stel;

Om die vrypraak wat jy verlang, ook aan jou naaste te gun;

Om die vergewing waarna jy so smag, ook met jou medemens te deel.

Dit is wat Christus kom doen het: Die genade, die goedgesindheid, die guns, die vergewing wat ons so dikwels ons naaste misgun, die het *Hy* aan ons kom *bewys*. En nou is sy eis:

- Doen aan ander soos julle van *My* ondervind het!
- Doen aan ander soos wat julle wil hê dat hulle aan julle moet doen!
- Doen aan andere soos wat *Ek* aan julle gedoen het."

Ds. Pieter van der Walt.

'n Goeie boom dra goeie vrugte.

'n Goeie vrugteboom is die trots van sy eienaar. Dit dra kwaliteit vrugte wat hom tot blydskap stem:

Mooi en lekker vrugte. Dit is tog logies, nie waar nie.

Jy kan tog nie die vrugte van die boom oordeel op die bas of blare of takke van die boom nie . . . nee, maar aan die vrugte self. Hoeveel keer kry jy nie 'n pragtige boom nie, maar dit dra swak of geen vrugte nie. Dit is die vergelyking wat Christus maak in Matt. 7. Dit is die goue reël van mensekennis:

aan die vrugte sal jy die boom ken

aan die *dade* sal jy 'n mens ken.

Net so min as wat jy druiwe van dorings of vye van distels kan pluk . . . net so min kan jy goeie woorde of daede of waarheid van 'n slegte mens verwag.

Ons moet altyd onthou, die goeie werke van 'n mens . . . dit is die vrugte wat uit sy binneste opgroei.

Jy kan tog nie sê: Ek glo ja — maar jou lewe bewys die teendeel nie.

Jou goeie werke en woorde en daede is die vrugte van jou hart:

Waar die hart van vol is loop die mond tog van oor.

Wat jy dink en wat jy sê wat jy voel en doen dit *moet* tog met mekaar klop.

Daarom is die kenmerk van goeie daede . . .

Dit moet God behaag

Dit moet vir die mens nuttig wees. Maar let goed daarop, dat die vrugte van jou lewe moet op natuurlike wyse voortgebring word:

Vrugte — woorde — daede, dit moet wesentlik uit oortuiging joune wees. 'n Mens word tog nie geken aan eenmalige en ongewone besondere daede nie . . . maar aan die algehele loop van sy lewensrigting. Dit is wat hy vrywillig en uit eie beweging en uit diepe oortuiging doen. En so bepaal die vrugte van jou lewe wat gedoen is uit 'n hart vol van geloof en genade, gedring deur die liefde vir Christus en Sy Woord, jou eindbestemming: . . . *die ewige lewe!* Christus maak dit alles moontlik.

Ds. Nico Ligthelm.